Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

VAT DIE PAD

Musiek: Jannie du Toit
Teks: Jannie du Toit

Vrydagoggend vroeg vat ons die pad
wonder waar musiek ons nou weer hierdie keer heen gaan vat
net voor Vereeniging - gras teen geelbruin rantjies
dit is mooi – ons land is hiér al mooi

Kosmos soom die mielielande langs die pad
ook al lyk die wêreld hier vir ‘n Kapenaar te plat
Ons eet ‘n bietjie biltong, dit maak ons lus vir droeëwors
En droeëwors maak ons weer lus vir biltong

Ons juig uitbundig oor dammetjies langs die pad
Laasjaar se droogte het hard aan ons gevat
Op die lang pad Kaap toe met stories en akkoorde
Klawers en kitaar - ons harte op die mou
En dan, teen die aand
In ‘n sitkamer of ‘n skuur
‘n Teater of ‘n saal
Dalk om ‘n braaivleisvuur
Deel ons die passie
Ontbloot ‘n mens jou siel
Betower deur die muses
Gekoester deur die gloed
Kom warm harte ons tegemoet

Elke nou en dan vaar ons die wye wêreld in
Kyk waar daar weer nuwe avonture kan begin
Ons ry langs die Ryn se kastele deur ‘n woud
Kroeë, katedrale – alles eeue oud

Keisteenstrate oral in ‘n middeleeuse stad
Sigeuners gryp my beursie met my paspoort en laat spat
Stegies wat spiraal van ‘n plein in ‘n piepklein dorpie
Mosseltjes met friet – die lewe is ‘n lied
En dan, teen die aand
In ‘n sitkamer of ‘n skuur
‘n Teater of ‘n saal
Dalk om ‘n braaivleisvuur
Deel ons die passie
Ontbloot ‘n mens jou siel
Betower deur die muses
Gekoester deur die gloed
Kom warm harte ons tegemoet

Ons vat alweer die langpad, soos ons al die jare sou
Volg musiek se spore, wonder waarheen lei dit nou
Oral waar ons kom deel ons stories en akkoorde
Met klawers, trom en snaar - ons harte op die mou